

31 Oktober

Skrifgedeelte: Eksodus 32:1-14

Fokusgedeelte: Eksodus 32:14

### God bly dieselfde

**D**it is 'n geheimenis wat ons nooit ten volle sal kan begryp nie, naamlik dat die onveranderlike God (Heb 13:8) kan besluit om af te sien van wat Hy wou doen. Dit lyk vir ons na 'n teenstrydigheid en daarom dink ons dikwels dit kan nie waar wees nie en dit help nie om te bid nie.

Uit sy Woord is dit duidelik dat Hy nie verander nie, al hou Hy in die uitvoering van sy besluit rekening met die smeking van sy berouvolle kinders; al bring Hy nie meer by Sinai die ramp oor sy ontroue volk nie; al vernietig Hy nie alle mense in Sodom en Gomorra nie; en al spaar Hy Nineve. Hy bly dieselfde! Hy is nog steeds God wat alle mag en al die seggenskap het. Ons smeking verander Hom nie in 'n marionet nie. Hy bly getrou. Hy kan Homself nie verloën nie.

Israel se sonde terwyl Moses op die berg was, was dat hulle iets anders in die plek van die ware God gestel het, omdat hulle nie meer op Hom en sy dienskneg wou wag nie. Die kerkhervormer Johannes Calvyn het gesê die mens is 'n fabriek van afgode. Maarten Luther het op 31 Oktober 1517 met sy 95 stellings in Wittenberg geprotesteer teen die destydse kerk wat sy eie instellings en gebruike verhef het bo God en sy Woord.

Alle hervorming in die kerk en alle persoonlike bekering begin by die erkenning dat Hy alleen die Koning en Here is voor Wie ons gehoorsaam buig. Dan sal ons sy reddende genade en seën beleef, al het ons met ons ontrou en ongehoorsaamheid (ook as kerke) sy heilige toorn verdien. Hy is groot van ontferming!

*Sing: Psalm 46:1, 6 (1936-beryming)*

*Ds. Nico Botha (Emeritus)*